21.3 BESKRYWINGSPUNT VAN KLASSIS WESRAND AANGAANDE GEMEENTES EN KERKLIKE VERGADERINGS WAT NIE BLY BY BESLUITE OOR SINODEBESLUITE OOR VROUE IN DIE BESONDERE DIENSTE VAN PREDIKANT EN OUDERLING NIE (Artt 35, 36, 43)

21.3 POINT OF DESCRIPTION OF CLASSIS WESRAND REGARDING CHURCHES AND CHURCH ASSEMBLIES THAT DO NOT UPHOLD BINDING DECISIONS OF SYNODS ON WOMEN IN THE SPECIAL OFFICES OF MINISTER AND ELDER (Arts 35, 36, 43)

A. Die vergadering besluit om hierdie Beskrywingspunt eers ter tafel te neem nadat die Adviesvraag van Streeksinode Randvaal rakende 'n Appèl (12.1.2) hanteer is.
The meeting decides to table this Point of Description only after dealing with the Advisory question of Regional Synod Randvaal regarding an Appeal (12.1.2)

B. Ds JPL van Jaarsveld stel die Beskrywingspunt.
Rev JPL van Jaarsveld tables the Point of Description.

C. **Besluit:** In lyn met die besluit wat geneem is rakende die Beskrywingspunt Streeksinode Pretoria (21.6) word die saak na die te benoeme Deputate verwys.
In line with the decision taken regarding the Proposal of Regional Synod Pretoria (21.6), the matter is referred to the to be nominated Deputies.

D. Kyk besluit by Rapport 21.5 (Mandaat van Moderamen).
See decision at Report 21.5 (Mandate of the Moderamen).

E. **BESKRYWINGSPUNT / POINT OF DESCRIPTION**

1. Beskrywingspunt Klassis Wesrand het op hul vergadering van 13 Maart 2021 besluit "*dat GK Krugersdorp homself buite kerkverband plaas deur teen die Sinodebesluit voort te gaan om vrouens in die amp van ouderling te bevestig. Dit is met leedwese dat Klassis Wesrand kennis gee dat GK Krugersdorp nie langer deel is van die kerkverband nie, a.g.v. hulle besluit. Daar word vir voorbidding vir alle betrokkenes gevra, en spesifiek vir GK Krugersdorp om hulle besluit te heroorweeg.*" Klassis Wesrand versoek die Algemene Sinode om dieselfde besluit te neem en te handhaaf oor enige kerke in ons kerkverband wat nie ons kerklike besluite oor vroue in die amp van ouderling en predikant handhaaf nie, en dus met die daad hulself buite ons kerkverband geplaas het en nie meer saam ons kan vergader in enige kerklike vergaderings van ons kerkverband nie.	**1. Point of Description** Classis Wesrand decided at their meeting of March 13, 2021 "*that GK Krugersdorp put themselves outside the denomination by continuing to act against the Synod's decision, by electing women in the office of elder. It is with regret that Classis Wesrand gives notice that GK Krugersdorp is no longer part of our denomination, due to their decision. Intercession is requested for all involved, and specifically for GK Krugersdorp to reconsider their decision*." Classis Wesrand request the General Synod to make the same decision and upheld it over any churches in our denomination that do not uphold our ecclesiastical decisions about women in the office of elder and ministers, and thus by their actions put themselves outside our denomination and therefore can no longer govern and rule in any church assemblies of our church denomination.
2. Motivering 2.1 Ons Algemene Sinodes het volgens die Skrif, Belydenis en Kerkorde, besluit en dit gehandhaaf dat susters nie in die besondere dienste van	**2. Motivation** 2.1 Our General Synods decided, according to Scripture, Confession, and Church Order, and maintained that sisters should not be elected to the special

predikant en ouderling mag verkies word nie. Verskeie Beswaarskrifte is daarteen ingebring maar op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde afgewys (kyk Algemene Sinodes en Handelinge van 1988, 2009, 2015, 2016, 2018).	services of pastor and elder. Several complaints were brought against it but rejected on the basis of Scripture, Confession and Church Order (see General Synods Acta's 1988, 2009, 2015, 2016, 2018).
2.2 Die kerkverband het ook saam besluit by die Algemene Sinode van 2015, dat die saak 'n wesentlike saak is wat ons gemeentes saam moet onderhou. Verskeie besware daarteen is ook afgewys by die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 en Algemene Sinode van 2018.	2.2 The denomination also decided together at the 2015 General Synod that the matter is an essential matter that our congregations must maintain together. Several complaints against this decision were also dismissed at the Extraordinary General Synod of 2016 and General Synod of 2018.
3. Konklusie	**3. Conclusion**
3.1 Alle gemeentes wat susters as ouderlinge en/of predikante bevestig stel hulself in wese buite die kerkverband en mag nie meer saam vergader en regeer in enige van ons kerklike vergaderings nie (KO, art 29).	3.1 All congregations that confirm sisters as elders and/or ministers put themselves outside our denomination and may no longer meet and govern together in any of our church assemblies (CO, art 29).
3.2 Alle gemeentes wat saam in Klassis en Streeksinodes vergader word opgeroep om hul besluite en optredes in lyn te hou met wat ons saam ooreengekom het, en dat daardie gemeentes wat afgewyk het terug sal reformeer na die Skrif volgens wat ons saam besluit het oor hierdie wesentlike kerkregering saak, sodat hul weer saam ons kan regeer en vergader tot eer van God en die heil van ons gemeentes.	3.2 All congregations and congregations that meet together in Classis and Regional Synods are called to upheld their decisions and actions in this regard, and if they have gone against our decisions, that they will reform back in line with Scripture according to what we have decided together on this church government essential matter, in order that they can rule and gather with us again, to the glory of God and to the good of our churches in our denomination.